higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BOUADMINISTRASIE N4

21 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- Stel hoeveelheidslyste op
- Stel kontrakdokumente op
- Stel volledige tenderdokumente op
- Evaluering van werke
- Stel waardasies op vir betalingsertifikate
- Stel finale rekening op (6)

1.2
- Uitstekende wiskundige vermoëns en baie akkuraat.
- Die vermoë om die inhoud van ingewikkelde dokumente te ontleed.
- 'n Goeie begrip van boutegnieke en tegnologie.
- Kennis van plaaslike bouregulasies en gesondheid-en-veiligheidsvereistes.
- Goeie kommunikasie- en onderhandelingsvaardighede. (Enige 4 × 1) (4)

[10]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 Onwaar
2.1.2 Waar
2.1.3 Waar
2.1.4 Waar
2.1.5 Onwaar
2.1.6 Waar

(6 × 1) (6)

2.2
- Enige maatskappy kan reageer op die tender.
- Dit moet oop wees vir alle gekwalifiseerde en belangstellende bieërs.
- Dit moet plaaslik geadverteer word.
- Dit moet objektiewe kwalifikasiekriteria hê.
- Daar moet duidelike tegniese spesifikasies wees.
- Daar moet duidelike en objektiewe evalueringskriteria wees.
- Dit moet toegeken word aan die bieër wat die meeste punte kry.

(Enige 4 × 1) (4)

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1
- Stoorarea
- Terreinkantoor
- Ligging van aanleg
- Ablusiefasiliteite
- Gesondheid en veiligheid (5)

3.2
- Stootskraper
- Agterskaar-trekkerstootskraper
- Masjiengraaf
- Padskrapers
- Wipbakvragmotors (5)

3.3 3.3.1
- Gebruik stutte indien nodig om beweging te keer.
- Sloping moet vloer vir vloer en van bo na onder plaasvind.
- Raak dadelik van puin ontslae.
- Alle gas-, elektrisiteit-, water- en riooltoevoer, en dienslyne moet ontkoppel word.
- 'n Tydelike skerm moet rondom die struktuur wat gesloop gaan word opgerig word en kennisgewings moet aangebring word om werkers en die publiek te waarsku.

(Enige 2 × 1) (2)

3.3.2
- Gebruik verkeerstekens om verkeer op die terrein te reguleer.
- Daar moet twee beheerhekke na die terrein wees – een vir die ingang en een vir die uitgang.
- Gee afsonderlike ingange en uitgange vir voetgangers en voertuie.
- Sorg dat paaie breed genoeg is vir alle soorte konstruksievoertuie.
- Moenie 'n hoofpad gebruik vir toegang tot die terrein nie.

(Enige 3 × 1) (3)

[15]

VRAAG 4

4.1 'n Gantt-diagram is 'n nuttige grafiese instrument wat die vordering van aktiwiteite of projekte oor 'n tydperk aandui. (1)

4.2

Aktiwiteite	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7 ✓
A	■	■	✓				
B			■	■	■		
C ✓			■	■	■	✓	
D						■	■
E	■	■					✓

(5)

4.3
- Strategiese beplanning
- Taktiese beplanning
- Operasionele beplanning
- Gebeurlikheidsbeplanning (4)

[10]

VRAAG 5

5.1
- Sorg dat die grondstowwe op die regte plek afgelaai word.
- Sorg dat die grondstowwe korrek afgelaai en hanteer word met behulp van toerusting.
- Sorg dat grondstowwe op sodanige wyse afgelaai en gestoor word dat dit nie kan omval of beskadig raak nie.
- Verifieer dat die afgelewerde grondstowwe dieselfde is as die grondstowwe wat op die afleweringsnota aangedui word.
- Verifieer die hoeveelheid op die nota en skryf verskille op.
- Maak onmiddellik 'n aantekening van foute of beskadigde grondstowwe op die afleweringsnota.
- Onderteken die afleweringsnota en hou 'n afskrif daarvan om na die aankoopdepartement te stuur. (Enige 6 × 1) (6)

5.2 'n Belastingfaktuur is 'n gedetailleerde rekening van die produkte✓ of dienste wat verskaf is, die kostes daarvan asook ander inligting soos afslag✓ en betaalvoorwaardes.✓
'n Kwitansie bevestig dat die verskaffer betaling vir die goedere✓ of dienste ontvang het.✓ (5)

5.3
- Finansiële kostes van gesteelde eiendom
- Vertragings en tyd wat opgeleide toerustingoperateurs nie kan werk nie
- Verhoogde versekeringstariewe
- Moontlike kansellering van versekering as daar konstant diefstaleise ingedien word (4)

[15]

VRAAG 6

6.1
1 – Boreling
2 – Middelreling
3 – Werksplatform
4 – Staander
5 – Steierbalk
6 – Sluitbare rolwiel
7 – Leer
8 – Dwarsverspanning (8)

6.2 Kragtroffel (1)

6.3 Draagbare lugkompressor (1)

6.4
- Dit verminder beweegtyd op die terrein.
- Dit verhoog produktiwiteit omdat daar minder beweeg word.
- Dit verminder menslike moegheid. (3)

6.5
- Konsertinahyser ('Scissor lift')
- Kraanarm ('Boom lift') (2)

6.6
- Remstuurlaaier ('Skid-steer loader')
- Masjiengraaf
- Rusperlaaier ('Crawler loader')
- Padskraper
- Agterskaarstootskraper
- Voorgrawer (Enige 5 × 1) (5)


[20]

VRAAG 7

7.1
7.1.1 Vlotfondasie
7.1.2 Strookfondasie
7.1.3 Strookfondasie

(3 × 1) (3)

7.2



Tekening	3 punte
Byskrifte	4 punte

(7)

[10]

VRAAG 8

8.1
- Interne belanghebbende
- Eksterne belanghebbende
- Die struktuur van die organisasie (3)

8.2
- Lynorganisatoriese strukture
- Lyn- en personeelorganisatoriese strukture
- Funksionele organisatoriese struktuur
- Produkorganisatoriese struktuur (Enige 3 × 1) (3)

8.3
- 'n Alleeneienaarskap is 'n ongeïnkorporeerde onderneming wat deur een persoon besit word,✓ en dis nie geregistreer by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ('CIPC') nie.✓

- 'n Privaat maatskappy (Edms. Bpk.) is gestig kragtens die Maatskappywet (71 van 2008);✓ dis 'n aparte regsentiteit wat as belastingbetaler moet registreer.✓ (4)

[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou